# UIT DIE GEDAGTEWÊRELD VAN PAULUS.

## I. *Godsdiens en sedelikheid.*

Die betekenis en invloed van 'n man as Paulus kan moeilik oorskat word. Hierdie betekenis en invloed is natuurlik in die loop van tye verskillend waardeer. Aan die een kant het ons die voorstelling, dat Paulus die eintlike skepper van die Christendom sou gewees het. Al

is dit moeilik om die Christendom ons voor te stel sonder Paulus, is dit tog 'n growwe miskenning van historiese feite om hom te beskou as die skepper van die Christendom. Aan die ander kant het ons die opvatting dat Paulus, saam met Johannes, die egte Christendom sou vervals en in verkeerde bane sou gelei het. Vir die suiwere Christendom, die wese daarvan, sou ons dan oor Paulus heen moes gryp na die eenvoudige prediking van Jesus oor die Vaderskap van God en die Koninkryk van die hemel. Seker kry ons by Paulus heel ander voorstellingskomplekse as in die Evangelies. Hy lê die nadruk op gedagtes soos regverdigmaking, versoening, die kruis, in Christus wees, nuwe lewe en dergelike. Die Koninkryk-Gods gedagte neem by hom 'n ondergeskikte plek in, met ander aksentuering, waar dit sentraal is in die Evangelies. Tog is dit by hom nie 'n vervalsing nie, maar 'n verdieping, 'n logiese gevolgtrekking uit die waarhede van die Evangelies. Juis deur die krag en diepte van sy gees was Paulus die man om die grondgedagtes van die Christendom vas te gryp en te verwerk. Die hooflyne van die Evangelies vind ons verryk en verdiep by Paulus terug, sowel die teologiese as etiese. Die teenstelling Jesus-Paulus, wat enkele tientalle jare gelede 'n dominerende plek in die Wetenskap van die Nuwe Testament ingeneem het, behoort tot die verlede.

Ons kan die beskouinge van Paulus nie los denk van sy persoonlikheid en sy persoonlike lewenservaringe nie, veral sy Damaskus ervaring. Ook moet rekening gehou word met sy Joodse antisedente, waaruit veral sy juridiese voorstellingswyse van sekere groot waarhede en sy typiese en allegoriese eksegese verklaar moet word. Sonder twyfel het die Hellenistiese wêreld waarin hy geleef het ook invloed op hom uitgeoefen, al was dit in materieel opsig van weinig betekenis. Agter en in dit alles egter het Paulus gesien die leidinge van God. Hy sien sy lewe in ewigheidslig. En hierdie lig bestraal al sy teologiese en etiese beskouinge. God het hom afgesonder van die skoot van sy moeder af en deur sy genade geroep. — Gal. 1 : 15. „Deur die genade van God is ek wat ek is" 1 Kor 15 : 10. In die genade van God sien ons die belangrikste faktor van heel sy lewe en werk, die sleutelwoord in al sy beskouinge.

Paulus was 'n diep religieus mens. Religieuse intensiteit was die groot kenmerk van sy gees, nie alleen in sy Christelike periode nie, maar ook voor hy Christen geword het. Soms het hierdie karaktertrek hom in ekstase gebreng. As hy sê: „wat die geregtigheid in die wet betref, onberispelik" (Vgl. Fil. 3 4 : 6) was dit 'n eerlike beskrywing van sy vroeëre religieuse lewe. As hy in Rom. 7 : 9 sê „sonder die wet het ek vroeër gelewe," dan is Paulus nie in stryd met homself nie. Hy beskryf hier sy geskiedenis nie biografies nie maar teologies. Hy deel nie 'n ervaring mee nie, maar stel sy vóór-Christelike

geskiedenis na sy wesenlike Godsverhouding betreffende gehalte voor, soos hom dit agteraf, in die lig van die geloof in Christus, duidelik geword het. Altyd was hy 'n man van sterke godsdienstige oortuiginge. As hy homself beskryf: „Wat ywer betref, 'n vervolger van die gemeente" (Fil. 3 : 6) dan karakteriseer dit die stryder vir die geloof van die Vadere. Hy het God gedien van sy voorouers af in 'n rein gewete. (2 Tim. 1 : 3). Sy Christenvervolging was nie uit ongodsdienstige motiewe nie maar uit verblindheid. Helaas hoe dikwels is dit herhaal in die gang van die geskiedenis! Paulus was oortuig, dat die geloof van die Christene vals en gevaarlik was, dat hulle Christus 'n valse Messias was, nie in ooreenstemming met sy Messiasideaal nie, en dat daardie Christus, die wet, die kultus, die hoop van Israel op glorie ondermyn. Met waarheid kon hy getuig: „Ek het met 'n volkome goeie gewete voor God gewandel tot op hierdie dag." — Hand. 23 : 1.

As Paulus sê: „Ek is 'n Fariseër, die seun van 'n Fariseër" (Hand. 23 : 6 vgl. Fil. 3 : 5) sou ons hom onreg doen as ons hom beskou as 'n Fariseër van die gewone tiepe. Daarvoor was hy van nature te diep sedelik ernstig. Vir hom was godsdiens nie 'n uiterlike vorm nie. Die ideaal om „wat die geregtigheid in die wet betref" onberispelik voor God te staan, met hart en lewe in ooreenstemming met die wil van God, was sy lewensideaal. Om hierdie ideaal te bereik was die nougesette nakoming van die eise van die wet vir hom lewenserns. Met niks minder as die werklikheid was hy tevrede nie, nie 'n oppervlakkige selfgenoegsaamheid nie soos by die ryke jongeling, wat gesê het: „Al hierdie dinge het ek onderhou van my jeug af. Wat kom ek nog kort?" Hier het die verskil gelê tussen die gewone Fariseër en Paulus. By die één het wetsbetragting gelei tot geestelike hoogmoed, by die ander tot wanhoop. Paulus het die werklikheid gesien, die dieptes van sy eie hart; sy eie swakheid en hulpeloosheid teen die ontsaglike mag van die sonde. Hy het tot die ontdekking gekom van die skeur in sy eie lewe, die inwendige worsteling, die stryd van die wet in sy lede teen die wet van sy gemoed wat hom gevange neem onder die wet van die sonde wat in sy lede is. (Rom. 7 : 23). „Die goeie wat ik wil, doen ek nie, maar die kwaad wat ek nie wil nie, dit doen ek" (Rom. 7 : 19). Op ontroerende wyse teken hy hierdie stryd in Rom. 7 7 : 25. Op onverwagte wyse kom die krisis in sy lewe. Christus, die verheerlikte Christus verskyn aan hom as die lang verwagte Messias en Verlosser. By alle pogings om hierdie verskyning weg te verklaar, bly dit staan dat dit vir Paulus self 'n objektiewe feit was, net so seker as die openbaringe van die opgestane Christus aan Petrus en anderes 1 Kor. 15 5 : 8. Dit was 'n genadedaad van God aan hom bewys. En nou word hierdie genade van God in Christus

die uitgangspunt van heel sy lewenswerk, die middelpunt van sy denke.

Al was Paulus ook dialekties, spekulatief aangelê, soos aangetoon kan word uit sy briewe, was dit nooit sy bedoeling om 'n uitgewerkte systeem van teologie of etiek te gee nie, of om die Christelike waarheid dogmaties, logies uit te werk nie. Waar die Christelike teologie van hierdie veronderstelling uitgaan, is dit op 'n dwaalspoor. Die briewe van Paulus is prakties religieuse geskrifte, geleentheidsgeskrifte, na aanleiding van bepaalde behoeftes van bepaalde gemeentes en persone, nie teologiese geskrifte nie. Dit het seker nooit by Paulus opgekom, dat na tweeduisend jaar hierdie briewe nog vir alle Christene normatiewe gesag vir die geloof en die lewe sou hê nie, en dat hulle van fundamentele betekenis sou wees vir die Christelike teologie van alle eeue nie.

Wat sy etiese beskouinge betref gaan Paulus uit van sekere grondveronderstellinge. Ons kry die grondbeginsel van die eenheid van die menslike geslag. God „het uit een bloed al die nasies van die mensdom gemaak om oor die hele aarde te woon" Hand. 17 : 26. Dit was 'n erkende Outestamentiese waarheid, waarvan die skeppingsverhaal getuig. Al die eeue deur nog het die mensheid geweier om hierdie beginsel in al sy konsekwensies te aanvaar. Klassevooroordeel en persoonlike en nasionale meerwaardigheidsinbeelding was nog altyd die groot struikelblokke in die weg van die liefde en algemene humaniteit.

'n Ander grondbeginsel waarvan Paulus uitgaan is die feit en die algemeenheid van die sonde. Op hierdie punt is hy in lynregte teënspraak met die grondbeskouing van die Griekse wysbegeerte ten opsigte van die sedelikheid, waar dit op neerkom dat die op sigself reine en goeie mens slegs verder ontwikkel moet word. Op hierdie punt staan hy ook teenoor alle intellektualistiese, naturalistiese, evolusionistiese, panteïstiese etiek. Vir hom was die sonde 'n grote werklikheid. Dit is tegelyk 'n religieuse en sedelike misvormigheid, 'n vervreemding van God en 'n skending van die deur God gewilde sedelike orde. Nooit beskou Paulus die sonde as iets negatiefs nie, 'n „nog nie" in die opwaartse ontwikkelingsgang van die mensheid nie. Dis ook nie 'n vergissing nie, maar 'n misdaad, 'n verdorwenheid van die menslike natuur wat die wil verswak en 'n toenemende verdorwenheid veroorsaak. Dis ook nie 'n noodsakelik gevolg van die menslike onvolmaaktheid of beperktheid nie, of van sy sinnelike natuur nie. Dis 'n wilsdaad en daarom is die mens verantwoordelik vir die sonde en skuldig voor God. Ook ten opsigte van die sonde is die mensheid één en solidair. Hierdie beskouing is die basis van die hele redenering in die Romeinerbrief. Van die verwoesting wat hierdie tirannieke mag

in godsdienstig en sedelik opsig aangerig het gee Paulus ons 'n beeld in Romeine 1.

Nieteenstaande hierdie verwoestende sondemag het die mens tog sy sedelike wese bly behou, sy willende geestelike ek, die inwendige mens, sy sedelike insig, sy hart en gewete waarin die werke van die wet geskrewe is. Rom. 7 14 : 25, 2 : 15. Met dit alles egter kan die natuurlike mens nooit uit sigself sy deur God gestelde bestemming bereik nie. Hier moet 'n hoër mag ingryp en het dit ingegryp, die mag van die genade van God. Dit breng ons by 'n ander grondveronderstelling van Paulus n.l. die verlossing.

Die verlossing sluit in die vernietiging van die sondeskuld wat die mens van God skei d.i. die regverdigmaking; ook die oorwinning van die werklike sondemag d.i. die religieuse en sedelike vernuwing. Hierdie verlossing, wat 'n daad van die genade van God is, is die grondslag vir 'n nuwe religieus-sedelike lewe in die mensheid. Daardeur word 'n nuwe persoonlikheid gebore, kom daar 'n nuwe sedelike lewensrigting, gaan daar 'n nuwe sedelike wêreld oop. Daar kom 'n nuwe waardering van goedere, die denke word op nuwe doeleindes gerig, die wil ontvang 'n nuwe energie. Die vleeslike word geestelik. 'n Nuwe mens in 'n nuwe wêreld. „Daarom, as iemand in Christus is, is hy 'n nuwe skepsel; die ou dinge het verbygegaan, kyk, dit het alles nuut geword." 2 Kor. 5 : 17.

Die taak van die nuwe mens is om die nuwe lewensrigting tot werklike heerskappy te breng teenoor neiginge en gewoontes van die oue mens, teenoor versoekinge uit die oue wêreldomgewing, en die voortdurende bevestiging van die nuwe Christelik-sedelike karakter. Dit breng mee voortdurende waaksaamheid en stryd. (Vgl. Ef. 6 10 : 20). Onder die omstandighede van die aardse lewe word die einddoel nooit bereik nie. Paulus leer geen perfeksionisme nie. Die aardse lewe bly 'n wordingsproses. „Soek die dinge daarbo waar Christus is." Bedink die dinge wat bo is, nie wat op die aarde is nie, want julle het gesterwe en julle lewe is saam met Christus verborge in God. Kol. 3 1 : 3.

Die ideaal en einddoel van hierdie nuwe mens is die gelykheid aan Christus. Christus self is die doel en maatstaf. Die hele persoonlikheid, met al sy bewegende kragte moet op Hom gerig wees. „Elke gedagte moet gevange geneem word tot die gehoorsaamheid aan Christus." 2 Kor. 10 : 5. Die wil moet aan Hom onderworpe wees. „Here wat wil U hê, moet ek doen?" Hand. 9 : 6. Die liefde moet op Hom gerig wees. „As iemand die Here Jesus Christus nie liefhet nie, laat hom 'n vervloeking wees." 1 Kor. 16 : 22. „Die kroon van die geregtigheid is weggelê vir almal wat sy verskyning liefgehad het." 2 Tim. 4 : 8 Paulus wil van niks anders weet nie as van Jesus Chris-

tus en Hom as gekruisigd. 1 Kor. 2 : 2. Ons het hier dus nie te doen met 'n bleke, siellose idee, wat as einddoel van die lewe moet dien nie, maar met 'n lewende persoonlikheid, in wie die idee van sedelike volkomenheid gerealiseer is en van wie persoonlike krag en besieling uitgaan. As ons die gedagtes van Paulus in die regte verband beskou is dit duidelik dat dit 'n growwe wanvoorstelling is om te beweer dat hy 'n egoisties-eudaemonistiese lewensdoel geleer het. Christus was die middelpunt van sy teologiese en etiese belangstelling en Christus staan vir die absolute sedelike volkomenheid en die absolute selfverloënende liefde en toewyding aan God en die mensheid.

Waar Paulus die volmaaktheid stel as einddoel, is dit nie in stryd met bogenoemde beskouing nie. — „Word volmaak" 2 Kor. 13 : 11.—Self jaag hy die volmaaktheid na of hy dit ook kan gryp. Fil. 3 : 12. Hier is nie sprake van 'n abstrakte, kwaliteitlose volmaaktheid nie, maar 'n volmaaktheid in die nouste verband met Christus, 'n volmaaktheid waarvan Hy die werklikheid is.

Paulus spreek ook van die navolging van God. Ef. 5 : 1. Hiermee wil hy nie God en Christus as twee konkurrerende objekte naas elkaar stel nie. „Het Godsbeeld is voor Paulus onlosmakelijk verbonden met het beeld van Christus en met de verklaring van zijn levenswerk."— Prof. G. Aulén: Het Christelijk Godsbeeld. p. 52 — Godsgeloof is Christusgeloof. Christus is die „Beeld van die onsienlike God." Kol. 1 : 15. „In Hom woon al die volheid van die Godheid liggamelik" Kol. 2 : 9. Waar dus onse liefde, ons wil, ons denke gerig word op Christus, word dit op God gerig. As ons hierdie verskillende uitsprake saamvat sou ons kan sê, die einddoel van die lewe, in sover dit ons karakter betref, is die, in geestelik-sedelik opsig in Christus Gode verwante volmaakheid. Vgl. Mat. 5 : 48. Die objektiewe dryfkrag om hierdie doel te bereik, die aktiewe, skeppende, instandhoudende mag van die nuwe lewe is die Heilige Gees. Ook hier weer nie los van Christus nie. „Lewe in Christus" en „gelei word deur die Gees" is nie twee verskillende dinge nie, maar verskillende uitdrukkinge vir één en dieselfde werklikheid.—Aulén id. p. 48. Die idee van die Heilige Gees as die aktiewe prinsipe van christelik sedelik lewe is predominerend. Dit is die goddelike mag in die menslike lewe, wat deur die geloof die mens bevry van sonde, dood en wet en wat die mens tot die ware vryheid bring. „Die Gees van die lewe in Christus Jesus het my vrygemaak van die wet van die sonde en die dood". Rom. 8 : 2. „As julle deur die Gees gelei word, dan is julle nie onder die wet nie." Gal. 5 : 18. „Waar die Gees van die Here is, daar is vryheid." 2 Kor. 3 : 17. Die wandel deur die Gees sal verhoed om die begeerlikheid van die vlees te volbreng. Gal. 5 : 16. Die Heilige Gees, die Gees van God, die Gees van Christus is die objektiewe mag waardeur

die Christelike karakter met al sy deugde, al sy eienskappe gevorm word. „Die vrug van die Gees is liefde, blydskap, vrede, lankmoedigheid, vriendelikheid, goedheid, getrouheid, sagmoedigheid, selfbeheersing." Gal. 5 : 22.

Die subjektiewe dryfkrag in die lewe van die nuwe mens is die geloof. Sonder die geloof is 'n blywende, volhardende sedelikheid nie moontlik nie. Geloof in God, geloof in Christus, is uitdrukkinge van gelyke betekenis. Die geloof is by Paulus 'n ryke begrip. (Vgl. Romans—Sanday and Headlam: International Critical Commentary. p. 31v.v.) Na sy diepste wese is dit 'n aangegryp word deur God, deur Hom vasgehou, onderworpe en beheers. Dis die geestelik-sedelike band tussen God en mens, 'n verhouding waarin die mens sowel liefde van God ontvang as liefde aan Hom bewys, sowel 'n reseptief as 'n kragtig aktief beginsel, „the highest and most effective motive power of which human character is capable" — Sanday and Headlam id. p. 34.

Uit bowestaande blyk die éénheid van die religieuse en die sedelike lewe volgens Paulus. Die sedelike is die religieuse in die praktyk. Die religieuse is die grond, die diepste, enig waaragtige grond van die sedelike. In teorie mag ons praat van 'n onafhanklike moraal. En, seker, religie en sedelikheid is nie identies nie, elk het sy eie bodem in die menslike wese. Maar ons kan hulle nie van mekaar skei nie. Sonder godsdiens mis die sedelikheid sy diepste grond. Sonder sedelikheid is godsdiens niks anders as selfbedrog. Sedelikheid is die bewys van die waaragtigheid van die godsdiens.

J. H. GREIJVENSTEIN.

Die vernaamste werke waarvan gebruik gemaak is in verband met bowestaande onderwerp:

G. B. Stevens: De Leer des N. Testaments.
Paul Feine: Theologie des Neuen Testaments.
Sir William Ramsay: The Teaching of Paul in Terms of the Present Day.
Sanday and Headlam: Romans — The International Critical Commentary.
Das Neue Testament — Deutsch: Paul Althaus und Johannes Behm.
Dr. P. D. Chantepie De La Saussaye: Het Christelijk Leven.
Prof. D. O. Kirn: Gründriss der Theologischen Ethik.
E.A.